

### ***Die Here lag en spot***

Die wêreld waarin ons leef is vol onrus en verwarring. Verkeerde dinge word voorgehou asof dit reg is. Daar is onrus onder die volke; nasies smee planne. Die konings is in opstand en die leiers span saam teen die Here.

Kom ons maak ons vry en gooi God se juk af. Kom ons leef soos ons wil, ons maak en breek soos ons goed vind. Ons besluit wat en hoe, is die siening van die moderne mens.

Maar die Here lag hulle uit, Hy spot met hulle. "Hy lag en spot dat hul so vrugtelos woel en magteloos, verniet hul krag verteer" (vers 2 berymd).

Psalm 2 is 'n Messiaanse Psalm wat vooruitwys na Jesus Christus en sy werk op aarde. Verse 6-9 wys dan iets van dit wat God in Christus op aarde kom doen het. God se eie Seun het mens geword en die opstandige nasies kom oorwin. Deur te sterf het Christus die magte van die wêreld en die mag van die dood oorwin.

Christus het alle mag in die hemel en op aarde. Hy is die Koning van die konings. Daarom lag God oor die verwaandheid van die mens wat teen Hom in opstand is. Te midde van die opgewondenheid van die wilde heidendom/wêreld, kan ons by Hom skuil en op sy bystand wag.

Ons troos is dat God altyd in beheer van die wêreld is en vir sy kinders sorg. Selfs in die deurmekaar tye waarin ons leef. In die swartste nag kan ons op Hom bly wag.

Sing: Psalm 2:1, 2, 6

Ds. W. Vogel (Welkom)